



Bo: Die roomkleurige sofa is pragtig gemaak en baie gemaklik, maar die armleunings is al vuil en vertoon gryserig. Boonop het die huiskat kloumerke op die rugleuning gelaat. Versier die bank met interessante kussings om die merke te verbloem. Die detail op die kussings, soos strikke, knope, koord en fraiings, skep 'n nuwe fokuspunt op die sofa. Ons wys ook hoe om 'n paar van dié kussings te maak. Die 100% bedrukte katoenstof van die Nettex Cottage reeks ontwerpe, soos die 'Plaid', 'Candy', 'Gingham', 'Granny' en 'Stripe' is alleen of saam met een van die ander ontwerpe gebruik en kos ongeveer R45 per meter. Die neutrale hawermoutkleur beklemtoon die rustige kleurskema van die vertrek. In plaas van 'n seer oog is die sofa met kussings nou die fokuspunt in die vertrek.

KIES 'N KUSSING

Maak self dié kussings om jou bank vinnig en maklik te versier. Blaai om vir stap vir stap aanwysings deur Riana van der Merwe



GEKNOOP, GESTRIK EN OMKOORD

Voltooide grootte van kussings is 40 x 40 cm.

KUSSING MET FRAIINGS

Benodigdhede

2 stukke materiaal van 43 x 43 cm elk, ritsluiters van 40 cm; 1, 7 m fraiings

Maak so

1. Steek fraiings rondom een stuk materiaal vas, fraiings na binne. Vorm hoekies mooi, maak knippie in band van fraiings indien nodig. Vou punte oormekaar sodat begin en einde mooi aansluit. Ryg vas.
2. Aan een sy van tweede stuk materiaal, vou rand 1,5 cm na verkeerde kant en stik een kant van ritsluiter daaraan vas. Plaas die twee stukke nou met regte kante opmekaar, en stik 3 sye toe - laat oop by ritsluiter. Dop om en werk ander kant van ritsluiter met hand aan die eerste stuk vas.



KUSSING MET KOORD

Benodigdhede

2 stukke materiaal van 43 x 43 cm elk, ritsluiter van 40 cm; 1, 7 m koord

Maak so

Volg aanwysings vir kussing met fraiings. As koord nie 'n bandjie het nie, maak kussing klaar en werk koord met glipsteke in naat vas. Vorm hoeke rond voor met stikwerk begin word.



KUSSING MET SKUINSKOORD EN STRIKKE

Benodigdhede

2 stukke materiaal van 43 x 43 cm elk, ritsluiter van 40 cm; 1, 7 m skuinskoord
2 stroke kontrasterende materiaal van 8 x 60 cm elk.

Maak so

Volg aanwysings vir kussing met fraiings. Vorm hoeke rond voor met stikwerk begin word.
Maak 2 strikke van stroke: Vou oorlangs dubbel en stik kort sye en lang sy toe. Laat opening in middel van lang sy om band om te dop. Dop om en pars. Werk opening met hand toe. Maak strikke en werk op kussing vas.

KUSSING MET KNOPE

Benodigdhede

2 stukke materiaal, een van 43 x 53 cm en tweede een van 43 x 48 cm; 3 bypassende knope.

Maak so

1. Werk een kort sy van eerste stuk materiaal af. Vou een kort sy van tweede stuk eers 1,5 cm om, dan 5 cm na verkeerde kant, en stik vas. Maak 3 knoopsgate, eweredig gespaseer, op dié strook. Versterk eers met Vilene as materiaal dun of pap is.
2. Plaas twee stukke materiaal, met regte kante en drie onafgewerkte sye, opmekaar en vou langer stuk terug oor knoopsgatstrook. Stik drie sye toe en dop om. Werk knope vas.

KOEVERTKUSSING

Benodigdhede

2 stukke materiaal van 43 x 43 cm; 2 stukke van 23 x 43 cm; 1 knoop

Maak so

1. Vou twee kleiner stukke: plaas een stuk op tafel, vou twee lang sye opmekaar en vryf vou in. Maak weer oop en vou nou

- een hoek, sodat 'n driehoek vorm met een sy op ingevryfde vou. Knip op skuinsvou af. Herhaal met ander kant en ander stuk lap.
2. Plaas nou twee gepunte stukke met regte kante opmekaar en stik kort reguit sye en skuins sye toe. Laat 1, 5 cm aan begin en einde oop. Gradeer nate en dop om. Pars.
3. Stik 1,5 cm-soompie in een sy van een vierkantige stuk. Stik nou vierkantige stukke aan mekaar vas, regte kante na binne en rafelrande van drie sye opmekaar. Laat vierde sy oop. Dop om, en stik onafgewerkte sy aan een onafgewerkte sy van driehoekstuk vas. Vou naat na binne en werk met glipsteke vas. Nate val nou binne driehoekstuk.
4. Maak knoopsgat op punt en werk knoop in middel van kussing vas.

foto's Jeremy Browne;
inligting deur Lindy Barry van The Write House
(031) 72-3902.